

Sondag 25 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:51-58

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:56-57 (AFR83)

Die belofte wat die opstanding inhou!

Daar is baie dinge in hierdie lewe wat 'n mens pessimisties kan maak. Die lewe is nie maklik nie en die dood is een van die moeilikste goed om te aanvaar. Die dood is so finaal en boonop maak die onsekerheid van dit wat die dood werklik is, dit nog meer angswekkend. Die gelowige het egter hierdie tweeledige vrede:

Ons weet dat die dood oorwin is (vs 56-57) – Ons wil nie so klein en onbelangrik wees dat ons soos al die ander deur die dood ingesluk word nie. Daarom veg ons verbete teen die lig wat in ons besig is om dood te gaan. Dis 'n monster wat ons lewens bedreig. Die dood is nie natuurlik nie.

Wat die opstanding van Christus ons egter leer, is dat ons hoop verby die graf strek. Ons leef in die oorwinning van Christus. Dis soos wanneer daar toetskrieket gespeel word en die een span loop 2/0 voor. Die laaste van die drie wedstryde maak nie vir daardie span saak nie. Of hulle daardie wedstryd wen of verloor, hulle bly die weners. Daarom kan hulle die wedstryd met krag, selfvertroue en vreugde speel, want dit maak nie saak wat gebeur nie, hulle bly die oorwinnaars.

Die dood is 'n spies wat reg op ons harte afgepyl het, maar aan die kruis sien ons hoe Jesus voor ons inspring om ons lewens te red. Hy sterf die dood wat ons moes sterf. Daarom is die dood oorwin.

Ons weet wat na die dood gebeur (vs 53) – Die dood is soos 'n kar wat geen vensters het nie. Om so kar te bestuur, moet skrikwekkend wees. Jy sal te bang wees om enigiets te doen. Jy gaan die heelyd in die vrees leef dat jy enige oomblik in iets gaan vasjaag.

As gelowiges het ons egter die genade om deur hierdie venster van hoop te kyk en ons sien dat Jesus se verlossing ons daarvan waarborg dat ons liggaamlik en geestelik nuut gemaak sal word. Die tydelike en onvolmaakte sal vervang word met die ewige en volmaakte.

Hierdie sekerheid wat ons in die verlossing van Christus kry, sal maak dat ons met hoop leef, en iemand wat hoop het, sal met nuwe dryf en ywer sy lewe in getroue diens leef.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5

Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)